4 September **Skrifgedeelte: Spreuke 14:22-15:23**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:22c

Die profiel van ‘n swaap

'n Kleuterblad bevat 'n tekenstorie van swape wat allerhande kaskenades aanvang wat nie rym met gesonde verstand nie. Gelukkig is dit net 'n storie en 'n mens kan dit gou vergeet. Dit is anders as Spreuke 1:22 jou aandag vestig op die profiel van 'n swaap. Die Hebreeuse woord wat met “swaap” vertaal word, word in Engels vertaal as "stupid men" of "stupid fools" en in Hollands as “dwase” of “sotte”. Die profiel van 'n geestelike swaap lyk só: verset en weerstand teen God; volharding in die kwaad; soeke na die verkeerde; opstand teen die Bybel; afkeer van die goeie; weersin in godsvrug. Swape is netsoos dwase en sotte (Ps 49:11), onverstandiges (Ps 94:8), huigelaars (Spr 10:18), spotters (Spr 3:34), ligsinniges (Spr 19:29), boosdoeners (Spr 13:19) en mense sonder insig (Spr 17:18). Swape is die teenoorgestelde van wyse mense (Spr 3:25), verstandiges (Spr 12:23), opregtes (Spr 10:11), mense met insig (Spr 10:23) en gehoorsames (Spr 11:9). Hulle versmaai die lig van God se Woord en slyt hul lewe in ondeug en ongeloof. Hulle is sedeloos. Daarom vra die Spreukeboek: "…hoe lank gaan… die swape ‘n afkeer hê van kennis?" (Vergelyk Spr 1:22c.) Totdat hulle hul eiewysheid prysgegee het en lewe volgens die wet van God. Totdat hulle hul bekeer. Totdat hulle glo. Jy moet sonder ophou aan sulke mense die Woord van die Here verkondig. Dit is die opdrag van die Here.

Sing: Psalm 38:5 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)